# DIE BROOD DRAERS (1)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: JOHANNES 6:25 – 27; ROMEINE 12:9 - 21**
(Bykomende Skrif verwysings aan die einde van die lesing)

**Joh 6:25 En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom?**
**Joh 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.**
**Joh 6:27 Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.**

**Rom 12:9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;**
**Rom 12:10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;**
**Rom 12:11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;**
**Rom 12:12 verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.**
**Rom 12:13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;**
**Rom 12:14 seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;**
**Rom 12:15 wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;**
**Rom 12:16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;**
**Rom 12:17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;**
**Rom 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.**
**Rom 12:19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.**
**Rom 12:20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.**
**Rom 12:21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.**

-o0o-

Ek seën julle in die naam van ons Here Jesus Christus. Mag die saad wat ek in jou lewe gaan saai op goeie grond val. Mag dit veelvuldige vrug oplewer tot verheerliking van die Vader en tot uitbreiding van die Koninkryk van die hemele.

Graag wil ek met julle praat oor die brood draers. Voorafgaande tot hierdie lesing, verwys ek na die lering oor die Koninkryk van God. Daarin het ons geleer wat die verantwoordelikhede in hierdie Koninkryk is, wie se Koninkryk dit is en hoe ons deel moet word van hierdie Koninkryk.

Die brood draers is 'n fenomenale lering op sy eie. Ek wil u tog vir julle aanraai om hierdie leringe goed te bestudeer, sodat dit nie net woorde sal wees nie. Werk dit deur en lewe dit deur, sodat julle daders van die Woord sal word en dat dit sal vasbrand in jou gees. Lees dit oor en oor sodat dit indring in jou

wese en deel word van jou lewe. Jy moet deel word van die Woord en die Woord moet deel word van jou lewe, sodat jy 'n getuienis kan word van wat die Lewende Woord is.

## 1. **Agtergrond Skets** (Johannes 6)

1) Wie is die brood draers in die Koninkryk?
2) Wat is ons verantwoordelikheid rondom die brood van die lewe wat ons elke dag veronderstel is om te ontvang?

Die Bybel is baie duidelik daaromtrent dat die volk Israel elke môre moes uitgaan om manna op te tel. Elkeen moes sy eie manna optel. (Eksodus 16)

Ter verduideliking net eers die agtergrond skets rondom Johannes 6.

i) Jesus het 'n klomp volgelinge gehad, omtrent vyf duisend mans, volgens die Bybel. Daar moes ook omtrent vyfduisend vrouens gewees het en plus minus twee duisend kinders. Hierdie klomp mense wat Hom gevolg het, sou dan omtrent so twaalf duisend gewees het.

ii) Hulle het op 'n punt gekom waar dit al drie dae was. Jesus wou hulle huis toe stuur, maar toe sê Hy vir Sy dissipels om vir hulle brood te gee. Die dissipels vra dan waar hulle vir soveel mense brood sal kry en dat hulle liewer na die omliggende dorpe gestuur moet word om brood te gaan koop. Jesus sê dan "Gee julle vir hulle brood". Die dissipels sê dat hulle nie soveel brood het nie, dan vra die Here "Wat het julle?".

iii) Hulle kry 'n seuntjie. Dit is baie fyn besonderhede, wat in die volledige evangelie van Christus Jesus pas, waarna ons moet kyk. Die dissipels antwoord hulle het 'n seuntjie met sy vyf broodjies en twee vissies gevind. Jesus sê dan dat hulle die seuntjie na Hom toe moet bring. Hy gee vir die skare voedsel en dan bly daar soveel mandjies oor.

iv) Jesus stuur die mense weg. Hy stuur die dissipels na die oorkant van die meer en gaan op die berg om te gaan bid. Dit is die vierde nag waak en Hy het al vir myle gestap. Hy klim op die boot en ry saam met hulle oorkant toe.

Dit is belangrik en sal baie wys wees as julle self Johannes 6 vanaf vers 22 tot op die einde toe sal bestudeer, om 'n beter begrip te kan kry oor die brood van die lewe en wat ons verantwoordelikheid rondom hierdie Brood van die Lewe is wat ons ontvang.

## 2. **Wonders en Genesings**

Iets baie kosbaar gebeur nou. Die skare gaan die volgende dag agter hom aan.

Joh 6:25 En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom?

Jesus antwoord hulle nie op die vraag nie, maar kyk mooi wat sê Hy.

Joh 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.
Joh 6:27 Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

Ek wil net 'n bietjie teruggaan in hierdie hele saak, sodat julle dit baie mooi kan verstaan. Jesus staan nou voor die volk. Vir drie dae lank het Hy vir hulle wonders, genesing en al daardie dinge gedoen. Die mense was baie beïndruk, maar hulle was nog steeds net so honger soos die dag wat hulle daar aangekom het. Miskien was hulle nog meer honger.

- Wonders en tekens is net getuienisse. Dit kan ons nie voed of bou nie.

-o0o-

- Die enigste ding wat ons gees kan voed is die Brood van die Lewe wat deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word.

Dit is daarom so belangrik dat ons nie op dagstukkies, prentjies, ander mense se gebede en ander mense se getuienisse staat maak nie. Ja, getuienis is belangrik vir die liggaam en die gawes is belangrik, maar dit bou ons nie.

- Die getuienisse en gawes stig ons net en maak net ons geloof sterker.
- Die enigste manier hoe ek my geestelike lewe kan bou, is om van die Brood van die Lewe te eet.

Dit is waarom Jesus vir hulle gesê het dat Hy vir drie dae lank wonderwerke gedoen het, maar dat dit hulle nie gebou het nie. Hy het die brood van die lewe vir hulle gebreek en aan hulle verduidelik wie hierdie Brood van die Lewe is. Hulle het besluit dat hulle dit wil hê, daarom het hulle die moeite gedoen om agter Hom aan te kom.

### 3. Wees soos ‘n kind (Eerste Beginsel)

Kom ons gaan nou net ‘n bietjie terug, want ek wil ‘n paar besonderhede vir julle uitlig. In die eerste plek sê Jesus vir die dissipels om vir die mense kos te gee. Hulle sê dat hulle nie brood het nie. Die Here vra dan vir hulle wat hulle het, waarop hulle antwoord dat daar ’n seuntjie is wat 5 brode en 2 vissies het.

Op ‘n ander plek sê Jesus vir hulle dat as hulle nie soos ‘n kind word nie, hulle nooit deel sal wees nie. (Markus 10:15) Ek dink dit is ‘n groot probleem in die kind van God se lewe. Ons wil te veel heerskappy uitvoer en ons wil te groot word in die Here, terwyl Jesus sê dat ons soos ‘n kind moet word.

Op ‘n stadium, wanneer Jesus bid, kyk Hy op na die hemel en sê “Vader dankie dat U hierdie dinge....” (Markus 14:36) Wat is hierdie dinge?

- Dit is die voedingskrag van die Woord. Dit is nie oppervlakkigheid nie. Dit is die ware diepte van die evangelie, wat verberg word vir die rykes en die edeles en aan die kindertjies geopenbaar word.

Ek en jy moet die gedaante van ‘n kind, wat by Sy voete sit, aanneem. Ons moet soos ‘n kind wees wat elke dag wil ontvang en vra: “*Vader gee vir my vanmôre ‘n stukkie brood, ‘n stukkie manna, uit die hemel. Here openbaar vanmôre aan my die Brood van die Lewe. Here gee vir my dit wat ek vandag kan hanteer. Heilige Gees openbaar die Woord van God aan my vandag. Ek is honger. Ek het ‘n behoefte na die Brood van die Lewe. Ek het ‘n behoefte na die Woord van God. Gee vandag my stukkie manna, Here”*.

### 4. Geestelike Groei – Heiligmaking (Tweede Beginsel)

Die seuntjie het vyf broodjies gehad en twee vissies. Ek en jy moet soos ‘n kind word, wat by Sy voete sit met ‘n bordjie en vra dat Hy vir ons moet inskep.

- As jy nie by Sy voete gaan sit en soos ‘n kind word nie, sal jy nooit die draer van die vyf broodjies word nie.
- Die vissies wat hy gehad het is ‘n geestelike simboliek aan redding (verlossing) en heiligmaking. Sonder redding en heiligmaking sal ons nooit die Here sien nie. (Heb 12:14; 1 Kor 1:30)

Ons kan nie stop by redding nie. Ons moet aangaan en heiligmaking na streef. Die Here moet meer word in ons lewe en ons minder. Ons plaas alles op die altaar en die Here word alles in ons lewe.

Baie mense vra wat heiligmaking is. Hoe lewe ‘n mens ‘n lewe van heiligmaking? Dit is geskrywe in Romeine 12 vanaf vers 9. Dit is geweldig belangrik.

Ons streef die heiligmaking na, deur te lewe soos wat die Woord van God vir ons sê.

Rom 12:9 Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan;

-o0o-

Rom 12:10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;
Rom 12:11 wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;
Rom 12:12 verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.
Rom 12:13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;

Hierdie *voorsiening in die behoeftes van die heiliges* is geweldig belangrik. Om te *streef na gasvryheid* is net so belangrik. In ons bediening maak ons 'n punt daarvan om gasvry te wees teenoor mense. Dit is 'n geweldige groot vereiste. <u>Gasvryheid is 'n deel van die vrug van die gees.</u> Onthou, dit is nie vrugte nie, dit is maar net **een** vrug.

Wanneer laas het ons 'n broer geseën op sy verjaarsdag en regtig 'n seën oor sy nuwe lewensjaar uitgespreek? Wanneer laas het ons 'n egpaar geseën met hulle huweliksherdenking en God se goedheid en guns afgebid op daardie egpaar se huweliksjare? Jy sien, gasvryheid is een van die dinge van heiligmaking.

Rom 12:14 seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;
Rom 12:15 wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;
Rom 12:16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;
Rom 12:17 vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense;
Rom 12:18 as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
Rom 12:19 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.
Rom 12:20 As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop.
Rom 12:21 Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Mense, dit is <u>heiligmaking</u>. Dit is die twee vissies.

- Die eerste vissie is die vissie van <u>redding</u> (verlossing).
- Die tweede vissie is die vissie van <u>heiligmaking</u>.

Nou gaan ek jou vra om jouself volgens die Woord te meet soos geskryf in Romeine 12. Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie.

- Hoe strewe jy daarna?
- Hoe 'n groot mikpunt en ideaal is dit in jou lewe om na heiligmaking te strewe?
- Hoe 'n groot mikpunt en ideaal is dit om die lewe van oorwinning te lewe, nie vir jouself nie, maar tot eer en verheerliking van die Here?

Dit is baie belangrik wat die Bybel sê in Hebreërs dat sonder heiligmaking niemand die Here sal sien nie. Mense dit is die 2 vissies wat die seuntjie gedra het.

Die eerste beginsel is om soos 'n kind te word. Word soos daardie seuntjie. Neem die gestalte van 'n kind, daardie nederigheid en al daardie elemente wat in 'n kind is, aan.

- Dra die getuienis in jou lewe dat jy gered is en dat jy versoen is met die bloed van die Lam.
    - Dra die getuienis dat jy 'n kind van God is, nie deur dit te spreek nie, maar deur dit te wys in jou lewe, sodat die eerste vissie getuienis in jou lewe kan dra.
- Die tweede vissie moet 'n getuienis wees in jou lewe dat jy heiligmaking nastreef.

-o0o-

## ➢ Bykomende Skrif verwysings vermeld in hierdie lesing

**Mar 10:15** Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.

**Heb 13:2** Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

**Heb 12:14** Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

**1 Kor 1:30** Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

**Mar 14:36** En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil

-o0o-